JAP.

191.Ra.1(2)

RADIOLESSE VIR SKOLE.

Donderdag, 3 Augustus 1939.
11.38 - 11.58 vm.
(Sekondêre standerds).

# DIE HUGENOTE.

## (1) Calvyn en die Opkoms van die Protestantisme in Frankryk.

deur professor H.B. Thom.

Soos julle almal seker weet, staan die koms van die Hugenote na ons land in verband met die groot beweging van die sestiende eeu wat ons die Kerkhervorming noem. In verskeie lande van Europa het daar manne op die voorgrond getree wat hulle vir hervorming van sekere toestande in die Kerk beywer het. Martin Luther is die eerste; hy begin met sy werk in 1517 in die stad Wittenberg in Duitsland. Maar weldra tree ook ander leiers op, byvoorbeeld Ulrich Zwingli in Switserland John Knox in Skotland en Johannes Calvyn in Frankryk.

Aldus het die getalle van die Protestante, soos die hervorm-gesindes genoem word, steeds aangegroei, en het die hervormingsbeweging nie tot één land beperk gebly nie, maar in der waarheid 'n algemene Europese beweging geword.

Met die oog op die Hugenote is dit van belang om nader met Calvyn en die opkoms van die Calvinisme in Frankryk kennis te maak.

Johannes Calvyn is gebore op die 10de Julie 1509 in die dorpie Noyon in die noorde van Frankryk. Hy kon nie op hoë of adellike afkoms aanspraak maak nie, want sy ouers het tot die gewone gegoede burgerlike klas van Frankryk behoort; sy vader 'n regsgeleerde, was advokaat in Noyon.

Calvyn, wat hom reeds vroeg as 'n besonder toegewyde student onderskei het, het eers gemeen om in die voetstappe

van .....

van sy vader te volg en ook advokaat te word. So vind ons hom as agtienjarige seun aan die Universiteit van Parys, waar hy sy regte-studies met besondere sukses voortset. Na voltooiing van sy studies vestig hy hom as regsgeleerde in die stad Orléans.

Onderwyl het hy egter meer en meer belangstelling in kerklike en theologiese vraagstukke getoon. In sy studiejare het hy reeds Latyn, Grieks en Hebreeus geleer, en sy deeglike kennis van hierdie ou tale het hom in staat gestel om 'n diepgaande studie van vraagstukke op die gebied van die godgeleerdheid te maak. Ook is hy deur leermeesters en vriende sterk in hierdie rigting beïnvloed. So kom dit dat die regsgeleerde nou alhoemeer godgeleerde word. Net soos Luther het hy die noodsaaklikheid van kerklike hervorming ingesien, en hieraan gaan hy nou sy lewe wy. Die destydse Franse koning, Frans I, het egter die Protestante heftig vervolg, sodat Calvyn verplig was om Frankryk te verlaat en in die stad Basel op die grens tussen Duitsland en Switserland te gaan woon. Hiermee het hy 'n belangrike stap gedoen want in Basel het hy rus en veiligheid gevind wat hom die geleentheid gegee het om sy vernaamste werk, naamlik sy „Onderrig in die Christelike Godsdiens", te skryf. Hierin set hy sy denkbeelde kragtig en duidelik uiteen, en hierin het sy volgelinge nou 'n goeie rigsnoer gehad.

Daarna het Calvyn heelwat gereis, in Switserland, Italië en Duitsland, en vestig hom dan in Switserland in die stad Genève, wat toe feitlik 'n onafhanklike republiek was. Hier word hy professor in die theologie, waardeur hy in die geleentheid gestel word om sy denkbeelde vryelik te verkondig. Maar Genève was toe nog nie ryp vir die Hervorming nie, en die vrolike, plesier-soekende inwoners van die stad het nie genoë geneem met die leer van erns en strengheid wat Calvyn verkondig

het .....

het nie. Daarby was daar in die stad nog 'n sterk Rooms-Katolieke party, sodat dit verstaanbaar is dat Calvyn ernstige teenkanting ondervind het. Sy vyande het later selfs soveel mag gekry dat hulle hom, saam met ander Protestantse leiers, in 1538 uit Genève verban het.

Ten spyte van sy afwesigheid het sy invloed in Genève geensins verminder nie. Inteendeel, sy volgelinge daar het vermeerder en daar was baie wat in hom nie slegs 'n godsdienstige leier gesien het nie, maar ook 'n politieke leier. In Genève het daar burgertwiste en wanorde uitgebreek; vooraanstaande inwoners het weer om Calvyn geroep; hy sou die Protestantisme laat seëvier en weer wet en orde in die stad herstel.

Calvyn het hom laat beweeg om terug te keer: in 1541 doen hy weer sy intrede in die stad, en kry inderdaad nou ook baie groot invloed en mag daar. Hy is in werklikheid tegelyk kerkvader en staatsman. Hy beklee wel geen wêreldlike amp of posisie van invloed nie, maar nogtans is hy in menig opsig die onbeperkte heerser in Genève. Dit moet 'n mens daaruit verklaar dat hy in die Kerkraad, wat verreweg die vernaamste liggaam in die stad geword het, die grootste invloed gehad het.

In 1564 is die groot hervormer in Genève oorlede. Hy het dus gesterf in die stad waarmee sy naam onafskeidelik verbonde is; waar hy die seëpraal van sy leer beleef het; en vanwaar sy invloed na ander lande en volke uitgegaan het.

Calvyn het in sy denkbeelde op drastiese wyse van die leer van die Rooms-Katolieke Kerk afgewyk, sodat hy met reg een van die radikaalste en mees uitgesproke hervormers genoem kan word. Maar bowedien verskil Calvyn op belangrike punte ook van sommige ander hervormers, insonderheid van Luther, en daarom het hy die stigter van 'n nuwe Protestantse leer geword, wat na hom die Calvinisme genoem is.

Die volgelinge van Calvyn in Frankryk, die Franse

Calvyniste .....

Calvyniste dus, staan bekend as die Hugenote. Vir die ontstaan en afleiding van hierdie woord is daar verskeie verklarings, maar die waarskynlikste is dat dit van die Duitse woord Eidgenossen afkomstig is, wat eedgenote beteken.

Die opkoms van die Calvinisme in Frankryk is 'n geskiedenis van onbeskryflike stryd en lyding. Vir die Hugenote is dit 'n erg ongelyke stryd gewees, want hulle was ver in die minderheid. Daarby het meeste Franse konings met heftigheid teen die Calvinisme opgetree, eerstens omdat die konings in die reel kragtige ondersteuners van die Katolieke Kerk was, en tweedens omdat hulle gevrees het dat die demokratiese neigings van die Hugenote die koninklike mag kon ondermyn. Calvyn het immers geleer dat 'n vors wat die suiwere Christelike godsdiens geweld aandoen, verdryf kan word en dat lede van die Kerk deel moet neem in die bestuur van gemeentelike sake.

Laat ons net kortliks by die beleid van die Franse vorste tydens die opkoms van die Calvinisme stilstaan.

Dit was in die tyd van Frans I dat die hervormingsidees van Calvyn in Frankryk opgang begin maak het. Alhoewel hierdie vors eers getwyfel het watter beleid hy sou volg, het hy spoedig tot vervolging van die Calviniste oorgegaan, wat onder andere tot gevolg gehad het dat Calvyn self Frankryk moes verlaat en hom in Genève moes gaan vestig.

Onder die volgende koning, Hendrik II, het die vervolgings voortgegaan. Hendrik II het selfs steun gesoek by Filips II van Spanje, 'n ander uitgesproke Katolieke vors, ten einde die Protestantisme met meer sukses te beveg: Frankryk en Spanje het in oorlog met mekaar verkeer, maar in 1559 sluit Hendrik II en Filips II vrede - die verdrag van Cateau-Cambresis - waarmee die bedoeling onder andere was om samewerking teen die

Protestantisme ....

Protestantisme te bewerkstellig.

Nog in 1559 is Hendrik II dood. Sou daar nou 'n beter tyd vir die Hugenote aanbreek? - Veel het van die houding van die nuwe vors, Frans II, afgehang.

Maar Frans II was slegs 'n jaar op die troon, toe hy onverwags gesterf het en deur Karel IX opgevolg is. Nou het daar 'n nuwe toestand ingetree, want Karel IX was nog maar tien jaar oud en tydens sy minderjarigheid het sy moeder, Catharina de Medici, aan die hoof van die regering gestaan.

Sy was wel Katoliek, maar in haar godsdiensbeleid het sy eers 'n baie gematigde rigting ingeslaan: die vervolgings van die Hugenote is beëindig en hulle is ook toegelaat om godsdiensoefeninge buite die stede te hou.

Alhoewel sy dit aanvanklik goed bedoel het, was sy nie sterk genoeg om geesdriftige Katolieke, veral die adellike familie De Guise, aan bande te lê nie. In 1562 val Frans de Guise met 'n gewapende mag 'n aantal Hugenote aan, wat by die dorpie Vassy vir godsdiensoefening vergader was; 60 Hugenote is hier gedood, en 200 gewond. Na die Bloedbad van Vassy, soos hierdie treurige gebeurtenis bekend staan, moes die Hugenote binne ag jaar tyd nie minder as drie oorloë vir die behoud van hul godsdiens voer nie; teen die geweldige oormag was hulle natuurlik nie bestand nie, met die gevolg dat hulle in die meeste veldslae die onderspit gedelf het. Onderwyl het Catharina de Medici ook teen die Hugenote kant gekies en haar seun, Karel IX, wat nou meerderjarig was, meer en meer teen hulle beïnvloed.

Die meedoënlose en bloedige vervolginge bereik 'n hoogtepunt met die vreeslike Bartholomeusnag in 1572. Vir hierdie aangrypende treurspel moet Catharina de Medici in die eerste instansie verantwoordelik gehou word, want sy het die Hugenote van 'n groot sameswering teen die Katolieke by die

koning .....

koning gaan beskuldig, en hom aldus beweeg om sy toestemming tot 'n grootskeepse moord te gee.

Dit vind in die nag van 24 Augustus 1572 plaas. Onder leiding van Hendrik de Guise het die volk van Parys die huise van die Hugenote met geweld binnegestorm en mans, vrouens en kinders voor die voet om die lewe gebring. Ander stede het die voorbeeld van Parys gevolg; in die hele Frankryk is daar tussen 30,000 en 40,000 Hugenote vermoor. Onder andere het ook admiraal Gaspard de Coligny, een van hul steunpilare, die lewe ingeskiet; hy het geweier om te vlug, en toe sy moordenaars in die noodlottige nag sy kamerdeur ingetrap het, het hy hulle in kalme woorde aangespreek: „Doen wat julle beveel is om te doen". Onmiddellik daarna is hy met die swaard deurboor.

Die destydse koning, Karel IX, het in 1574 te sterwe gekom. Dit word beweer dat die verskriklike moorde swaar op sy gewete gerus het, en dat hy tot sy dood toe vol wroeging daaroor was.

Hy is opgevolg deur sy broer Hendrik III. Tydens die regering van hierdie koning het daar weer godsdiensoorloë en vervolging van Hugenote voorgekom, maar glad nie in dieselfde mate as in die tyd van sy voorganger nie; die Hugenote het nou onder 'n besonder bekwame leier, Hendrik van Navarre, beter georganiseer geraak, en ook het daar 'n sterk Katolieke party ontstaan wat op godsdienstig gebied rus en vrede in Frankryk verlang het.

Hendrik III is in 1589 deur 'n dweepsieke monnik vermoor. Nou het daar vir Frankryk in die algemeen, en die Hugenote in die besonder, 'n uiters kritieke tydstip aangebreek. Wie sou die nuwe vors wees? Die Hugenote, en selfs sommige gematigde Katolieke, wou Hendrik van Navarre as koning hê, want hy het regmatige aansprake op die troon gehad, en bowendien het

Hendrik III .....

Hendrik III hom op sy sterfbed as sy opvolger aangewys. Hendrik van Navarre het hom dan ook dadelik as koning laat uitroep, met die titel Hendrik IV.

Maar sou hy as sodanig erken word? - dit was die belangrike vraag. Hendrik IV het spoedig ingesien dat die oorgrote meerderheid in Frankryk nooit 'n Hugenoot op die troon sou duld nie. Daarby het hy besef dat dit vir hom noodsaaklik was om as koning erken te word, want dan kon hy godsdienstige verdraagsaamheid in Frankryk invoer en vir die Hugenote hul regte verseker. Gevolgelik het hy in 1593 Katoliek geword; in die volgende jaar is hy offisieel as koning van Frankryk erken. Nou het daar vir die Hugenote 'n gunstige tyd aangebreek. Rus en vrede waarna hulle jarelank gesmag het, sou hulle eindelik geniet.

Hendrik IV het na sy kroning besluit om in belang van alle seksies in Frankryk te regeer. Maar hy het hom ook voorgeneem om sy voormalige geestesgenote, nie in die steek te laat nie. Dat dit hom hiermee erns was, blyk uit die beroemde Edikt van Nantes wat ongetwyfeld 'n blywende sieraad vir sy bestuur is.

Die Edikt van Nantes is in Mei 1598 uitgevaardig. Die regte wat die Hugenote daarvolgens verkry het, kan ons onder drie hoofde indeel. 1. Godsdienstige verdraagsaamheid: Hulle mag voortaan hul godsdiens vryelik uitoefen, behalwe in 'n paar stede wat spesiaal in die Edikt genoem word.
2. Billikheid in die regspraak: sake waarin Hugenote betrokke is, sal voortaan voor regbanke verhoor word wat half uit Katolieke en half uit Hugenote bestaan. 3. Persoonlike veiligheid: die Hugenote mag sekere plekke, byvoorbeeld La Rochelle, Montauban en Nîmes, as hul veiligheidsplekke inrig, waar hulle voortaan selfs hul eie leërs mag aanhou.

Weliswaar .....

Weliswaar het sommige Hugenote gemeen dat die Edikt van Nantes nog nie ver genoeg gaan nie. Maar die groot betekenis daarvan is dat dit die regte van die Hugenote gewaarborg het en hul posisie nou vasgestel het.

Hiermee het ek nou vir julle getoon hoedat die idees van Calvyn tot die ontstaan van die Calvinisme gevoer het, en hoedat die Franse Calviniste, die Hugenote, sonder vrees of huiwering die ongelyke stryd gestry het totdat hul regte eindelik gewaarborg is. Onder die jaartalle wat ek genoem het - en ek weet julle leer nie graag jaartalle nie, - moet julle veral één onthou - 1598, die jaar van die Edikt van Nantes. In hierdie jaar eindig voorlopig die tydperk van stryd vir die Hugenote: in die eeu wat daarop gevolg het, sal ons onder andere sien waarom 'n aantal Hugenote na ons land gekom het.

--------oOo-------